


**BOEDELBEPLANNING** NICO VAN GIJSEN

NAVRAE: Tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314.
E-pos: nico@finlac.com

# Hou plaas só in familie

Die wet het 'n fidusiêre reg oor die plaas beëindig. Wat is nou jou alternatief om te verseker jou plaas bly in die familie?

Van kind na kleinkind na agterkleinkind … Dit is seker die meeste boere se droom om die plaas in die familie te hou.

Om dit te bewerkstellig, word tradisioneel wat genoem word 'n fidusiêre reg oor die plaas by jou dood aan die kind bemaak, met die voorwaarde dat by 'n bepaalde gebeurtenis die plaas na 'n volgende geslag oorgedra moet word. Op dié manier het die boer relatief seker gemaak dat die plaas in die familie bly.

Dié reg val ook in die klas "beperkte regte", soos 'n vruggebruik, waaroor ek onlangs geskryf het. Maar anders as 'n vruggebruik, kry die erfgenaam nie net die opbrengs (vrugte) uit die plaas nie, hy erf die hele plaas, met die voorwaarde dat dit op 'n gegewe tydstip na 'n volgende geslag oorgaan, deur byvoorbeeld in die testament te skryf: "Ek bemaak my plaas aan my dogter X. By die afsterwe van X moet die plaas oorgaan na haar dogter Y …"

Op hierdie manier kon die plaas in die familie bly, byna tot in die ewigheid in. Maar wetgewing het hierdie praktyk beëindig. Die Wet op Vaste Eiendom (Wet 94 van 1965) beperk nou hierdie oordrag tot drie erfgename ná die eerste eienaar.

Wat is die gevolge? En wat stel ek voor?

## DIE GEVOLGE

Eerste kyk ons na die vereiste "voorwaarde". Dit is seker logies: Die opvolgende erfgenaam moet die eerste een oorleef. En soos ek gereeld in my rubrieke skryf, mense gaan nie in volgorde dood nie. As die opvolgende erfgenaam eerste sterf, gaan die plaas nie oor na sy of haar erfgename nie. Die reg eindig net daar en die een wat dan in besit van die plaas is, kan dit verkoop of weggee. Einde van storie.

Die tweede is belasting. Kapitaalwinsbelasting (KWB) is uiteraard betaalbaar by die eerste (die oorspronklike eienaar) se dood en daarna eers weer by die oordrag na die finale erfgenaam. Maar hy of sy neem die basiskoste (KWB word gehef op die wins, dit is markwaarde minus basiskoste) van die eerste eienaar oor. So, hoe langer die plaas in die familie bly, hoë hoër is die KWB vir die finale eienaar as hy die plaas verkoop of sterf.

> **Daar is geen beperking op die aantal geslagte wat kan voordeel trek uit die plaas in trust nie.**

Die Boedelbelastingwet is nie so geduldig nie. By elke erfgenaam se dood word die markwaarde van die plaas in ag geneem by die berekening van die waarde van die reg wat oorgaan op die volgende erfgenaam. Elke erfgenaam kry dus sy beurt om boedelbelasting te betaal.

## OORWEEG 'N TRUST

As alternatief kan 'n trust oorweeg word. Dit gaan nie die oorspronklike eienaar help met KWB en boedelbelasting nie, maar elke opvolgende begunstigde is verlos daarvan. Daar is geen beperking op die aantal geslagte wat kan voordeel trek uit die plaas in 'n trust nie.

Neem net kennis dat 'n bate in trust nie aan enigeen behoort nie – dit is juis die rede waarom toekomstige geslagte kan voordeel trek sonder KWB en boedelbelasting. Die trustees is in beheer.

Daarom is dit belangrik dat jy 'n korrek opgestelde trustakte moet hê en jou trustees reg kies.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.* **LBW**

**KORTOM**

- 'n Fidusiêre reg oor die plaas verseker dat 'n plaas in die familie bly. Wetgewing het dié praktyk beëindig.
- Oorweeg 'n trust as alternatief.
- Maak seker jou trustakte is korrek opgestel en kies die regte trustees.